



## SCHOEMANSVILLE OEWERKLUB

58 Waterfrontstraat, Schoemansville, Hartbeespoort, 0216

Tel: 012 253 0587 (kantoor)

epos: [info@oewerklub.co.za](mailto:info@oewerklub.co.za)

# HUISHOUDELIKE REËLS VAN DIE SCHOEMANSVILLE OEWERKLUB

---

Alle Klublede en besoekers wat die terrein betree, onderwerp, deur hulle betreding van die terrein, hulle aan die reëls van die Klub. Besoekers wat die reëls oortree kan summier versoek word om die terrein te verlaat.

1. Die Klub is geleë in 'n residensiële gebied en daar is 'n beperking is op geraasvlakke wat aanvaarbaar is. Geen opelug klankversterkstelsels word op die terrein toegelaat nie, en geen musiek mag gespeel word op vlakke wat 'n steurnis vir inwoners inhou nie.
2. Elke persoon wat die Klub se terrein betree en die fasiliteite en toerusting gebruik, doen dit geheel en al op eie risiko. Nòg die Klub, nòg die Bestuur aanvaar enige aanspreeklikheid vir enige skade wat gelei word as gevolg van enige oorsaak om welke rede ookal.
3. Busse en voertuie wat gebruik word vir openbare vervoer, sleepwaens en ander voertuie mag slegs parkeer op plekke wat vir die doel aan hulle aangewys word.
4. Besoekers mag nie parkeer op plekke wat vir klublede gereserveer is nie.
5. Die spoedgrens op die terrein is 10km/h.
6. Slegs bestaande paaie mag gebruik word en voertuie mag nie op so 'n wyse bestuur word dat dit 'n gevaar vir mens of dier inhou nie.
7. Vure mag slegs op aangewese plekke gemaak word en moet voor vertrek geblus word.
8. Rommel mag slegs in rommelhouers gegooi word.
9. Niemand mag enige gras, bome, enige ander plante of enige ander eiendom van die Klub beskadig of misbruik nie.
10. Niemand mag enigiets doen of enige toestel op so 'n wyse gebruik dat dit enige steurnis of gevaar vir mens of dier inhou nie.
11. Voëllewe mag op geen wyse versteur word nie.
12. Niemand mag sonder die goedkeuring van die Bestuur:
  - i. Geld van die publiek insamel;
  - ii. Enige openbare vermaaklikheid aanbied of 'n vergadering hou;
  - iii. Vir eie gewin handel dryf nie.
13. Geen voertuig of vaartuig sonder knaldempers word op die terrein toegelaat nie.
14. Geen motorbote word in die hengelgebied toegelaat nie.
15. Geen hengel word in die bootrygebied toegelaat nie.
16. Diegene wat die lapa of klubhuis huur aanvaar volle verantwoordelikheid vir die geboue en toerusting asook vir die gedrag van hulle gaste. 'n Terugbetaalbare voldoeningsdeposito is betaalbaar wat geheel of gedeeltelik verbeur kan word indien gegronde klagtes oor die gedrag van gaste of lawaai ontvang word, as die fasiliteite in 'n beskadigde of onaanvaarbare toestand gelaat word of as die bespreekte tyd oorskry word.
17. Lede mag gaste inbring op die volgende voorwaardes:
  - i. Die getal gaste is beperk tot ses, benewens die lid se gesinslede;
  - ii. Alle gaste moet ingeteken word;
  - iii. Die lid moet die dag saam met sy/haar gaste deurbring;
  - iv. Die lid aanvaar verantwoordelikheid vir die gedrag van sy/haar gaste.
18. Troeteldiere moet te alle tye onder volle beheer wees.
19. Alle voorstelle en klagtes moet by die Bestuur ingedien word.
20. Iemand wat hierdie reëls oortree of versuim om daaraan te voldoen stel hom/haarself bloot aan tugstappe, wat kan insluit die verbanning van die terrein of, in die geval van lede, die tydelike of permanente opskorting van lidmaatskapvoorrede.
21. Vir besoekers sluit die hek om 15:00 en hulle moet voor 18:00 die terrein verlaat.